Die besprekings by fasiliteite het 'n merkbare toename in beide besoekers en inkomste vergeleke met besoekertalle voor Covid getoon. Ongunstige weerstoestande het gelei tot skade by fasiliteite waarvoor daar nie begroot is nie.

Bestedingtendense van die openbare entiteit

Doelwit	2023/24			2022/23		
	Begroting	Werklike besteding	(Oor-) Onder-besteding	Begroting	Werklike besteding	(Oor-) Onder-besteding
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Goedere en dienste	3 349	3 204	*145	2 730	2 548	182
Totaal	3 349	3 204	145	2 730	2 548	182

* Die verskil is hoofsaaklik toegeskryf aan vertraging in die voorsieningskettingbestuurproses omdat verskaffers nie volgens die geadverteerde spesifikasies gekwoteer het nie.

Kapasiteitsbeperkings en uitdagings van die openbare entiteit

Die vertraging in die vul van poste is hoofsaaklik toegeskryf aan die DPSA-riglyn oor die implementering van beheermaatreëls wat daarop gemik is om fiskale volhoubaarheid te bestuur. UOWP-begunstigdes by die fasiliteite het 'n belangrike rol gespeel om druk te verlig.

Sleutelaktiwiteite wat gestaak is/aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen aktiwiteite is gestaak nie.

Nuwe of voorgestelde sleutelaktiwiteite

Die uitvoerbaarheidstudie, wat die potensiaal om nuwe kliënte te lok en die diverse gebruik van fasiliteite ondersoek het om inkomstestrome te verhoog, is afgehandel. Die studie bied aanbevelings wat in oorweging geneem sal word vir die gefaseerde implementering in die 2024/25-boekjaar.

Versoeke vir oorrol van fondse

Geen oorrolfondse is aangevra nie.

Voorsieningskettingbestuur

Die WKKK, insamewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, het veerkragtige Voorsieningskettingbestuur (VKB)-prosesse en -stelsels daargestel om deursigtigheid, doeltreffendheid en aanspreeklikheid in sy verkrygings- en finansiële bestuursaktiwiteite te verseker. Hierdie stelsels is ontwerp in ooreenstemming met die tersaaklike wetgewende en regulatoriese raamwerke om voldoening te verseker en beste praktyke te bevorder.

Alle ongevraagde bodvoorstelle vir die oorsigjaar wat aangegaan is

Geen.

Of VKB-prosesse en stelsels in plek is

Die WKKK is in staat om sy hulpbronne doeltreffend bestuur, risiko's versag en die integriteit van sy bedrywighede deur sy VKB-prosesse handhaaf. Gereelde oudits en deurlopende verbeterings in die VKB-prosesse beklemtoon verder die WKKK se verbintenis tot die handhawing van hoë standaarde van bestuur en bedryfsuitnemendheid.

Uitdagings ervaar en hoe dit opgelos is

Sekuriteit is steeds 'n bekommernis by fasiliteite en samewerking met die Departement van Infrastruktuur (DVI) het op 'n assesserings- en kosteberekeningsoefening uitgeloop en sal in die nuwe boekjaar tot die implementering van beurtkrag-versagtende maatreëls lei.

Aangeleenthede in die vorige jaar

Die WKKK het 'n skoon audit vir die vorige jaar ontvang.

Vooruitsig/toekomsplanne om finansiële uitdagings te hanteer

Die Gebruiksbeleid vir Kultuurfasiliteite word tans hersien. Oorweging sal gegee word aan die aanbevelings wat in die uitvoerbaarheidstudieverslag uiteengesit word, wat in die opkomende boekjaar sal lei tot die aanpassing van die tariefregister in ooreenstemming met die Gebruiksbeleid.

Gebeure ná die verslagdatum

Geen.

Ekonomiese lewensvatbaarheid

Die finansieringsverbintenis, leiding en bystand wat deur die DVI voorsien is, het die instandhouding van kultuurfasiliteite verseker, dat dit in 'n goeie toestand gebly het, en dat die ekonomiese lewensvatbaarheid van hierdie fasiliteite gehandhaaf kon word.

Erkenning/s en Waardering

Die bystand en ondersteuning van die DVI en DPOGV vir die verskaffing van die instandhouding en sekuriteit by die fasiliteite word erken. Die ondersteuning van die Minister van Kultuursake en Sport en alle departementele personeel word hoog op prys gestel, aangesien hulle almal bygedra het tot die doeltreffende funksionering van die WKKK.



Lungelo Nokwaza

Namens die Rekenpligtige Gesag

Datum: 31 Augustus 2024

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAAKTHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my kennis en oortuiging, bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat bekend gemaak is in hierdie jaarverslag is in ooreenstemming met die finansiële jaarstate geouditeer deur die Ouditeur-generaal.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- Die jaarverslag is voorberei volgens die riglyne vir die jaarverslag soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie.
- Die finansiële jaarstate (Deel F) is voorberei volgens die standaarde van toepassing op openbare entiteite.
- Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die beoordelings uitgespreek in hierdie inligting.
- Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die vestiging en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die inligting ten opsigte van menslike hulpbronne en die finansiële jaarstate.
- Die eksterne ouditeurs word aangestel om 'n onafhanklike mening uit te spreek oor die finansiële jaarstate.

Na ons mening is die jaarverslag 'n billike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-aanwysers, die inligting ten opsigte van menslike hulpbronne en die finansiële aangeleenthede van die openbare entiteit vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2024.

Die uwe



Lungelo Nokwaza
Namens die Rekenpligtige Gesag
31 Augustus 2024

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1. Visie

Om doeltreffend by te dra tot die groei en ontwikkeling van 'n dinamiese kulturele omgewing in die strewe na 'n verenigde Wes-Kaap.

6.2 Missie

Om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, bevorder en ontwikkel deur middel van:

- die registrasie en de-registrasie van kultuurrade;
- die voerlening van finansiële bystand aan geregistreerde kultuurrade;
- die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en onroerende eiendom wat deur die Provinsiale Minister onder sy toesig geplaas is;
- die uitvoering van ander take en funksies wat deur die Provinsiale Minister toegeken is; en
- beleidsadvies aan die Provinsiale Minister te verskaf.

6.3. Waardes

Integriteit, aanspreeklikheid, bekwaamheid, innovering, responsiwiteit en sorgsaamheid.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is 'n statutêre liggaam wat deur die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998) tot stand gebring is. Die WKKK is gelys as 'n Bylae 3 C provinsiale openbare entiteit op 1 Junie 2001 kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). Die openbare entiteit is 'n statutêre liggaam onder toesig van die Departement van Kultuursake en Sport.

Die WKKK bedryf sy werksaamhede binne die wetgewende en beleidsmandate soos hieronder beskryf.

7.1 Grondwetlike mandaat

Artikel	Direkte Verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	Die WKKK moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.
Artikel 30: Taal en kultuur	WKKK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal - en kultu-urregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens-, en taalgemeenskappe	Die WKKK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samew-erkende regering en tus-senregeringsverhoudings	Die WKKK werk saam met alle sferes van regering in die uitvoering van sy mandaat.
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurren-te nasionale en provin-siale wetgewende bevoegdheid	Kultuursake: <ul style="list-style-type: none"> • Die WKKK werk nou saam met die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur en geassosieerde staatsorgane wat betref konkurren-te kuns-, kultuur- en erfeni-saangeleenthede.

Artikel	Direkte Verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat van toepassing is op staatsadministrasie	Die Departement van Kultuursake en Sport moet die bepalings van artikel 195, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat van toepassing is op openbare administrasie, nakom. Artikel 195(1) vereis die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige benutting van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word die maksimum voordeel teen die laagste moontlike koste moet lewer.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998)	
Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die skepping en redelike befondsing, binne die Wes-Kaapse regering se beskikbare bronne, van 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en ondersteuning aan kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit is die taak van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie om kultuurrade te registreer en om geregistreerde kultuurrade te ondersteun. DKES het toesig oor die WKKK en verskaf administratiewe en finansiële ondersteuning aan die Kommissie.
Artikel 81	<p>Die WKKK moet aktief beleide aanvaar en implementeer om die welstand van die mense van die Wes-Kaap te bevorder, insluitend beleid gemik op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die bevordering van respek vir die regte van kulturele-, godsdienstige- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en • die beskerming en bewaring van die natuurlike historiese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. <p>Die WKKK verseker dat die DKES voorsiening maak vir die kulturele behoeftes van gemeenskappe in die Wes-Kaap, soos voorgeskryf deur wetgewing.</p>

7.2 Wetgewende en beleidsmandate

Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op Openbare Finansiële bestuur	Wet 1 van 1999	Die WKKK dien kwartaallikse en jaarlikse verslae in wat sy prestasiewering aantoon, asook geouditeerde finansiële state gebaseer op die strategiese doelwit jaarlikse teikens vir elke boekjaar.
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, 1998	Wet 14 van 1998	Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bewaar, bevorder en ontwikkel kultuur in die Wes-Kaap in ooreenstemming met 'n beleid bepaal deur die LUR (lid van die [provinsiale] Uitvoerende Komitee). Die WKKK adviseer die LUR oor die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	Die hoofdoelwitte van die Wet is: Om voorsiening te maak vir die erkenning van Khoi-San leierskap; om die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 2009, en die Wet op Tradisionele Leierskap en Regeringsraamwerk, 2003, te konsolideer; om sekere beperkings in die bestaande wetgewing te hanteer, en om gevolglike wysigings aan ander wetgewing aan te bring.
Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • Bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg wanneer besluite gemaak word; • Vereis van administrateurs om mense in te lig oor hulle regte tot hersiening of appèl en hulle reg om redes aan te vra; • Vereis van administrateurs om redes vir hulle besluite te gee; en • Gee aan lede van die publiek die reg om besluite van administrateurs tin die hof te betwis.


Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee gevolg aan die reg om toegang tot rekords wat deur die Staat, regeringsinstellings en privaat liggame gehou word, te kry. Die entiteit moet, onder andere: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek vir toegang tot inligting wat daardie entiteit hou, te doen; • 'n Inligtingsbeampte aanstel om aansoeke vir inligting wat daardie entiteit hou, te oorweeg.
Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting	Wet 4 van 2013	Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame verwerk word; om sekere voorwaardes te bepaal ten einde min-imum standarde daar te stel vir die verwerking van persoonlike inligting.
Wet op Gebruiklike Inisiasie	Wet 2 van 2021	Die Wet maak voorsiening vir die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke; vir die skepping van 'n Nasionale Inisiasie Oorsigkomitee en Provin-siale Inisiasie Koördineringskomitees en hulle funksies; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die onderskeie rolspelers betrokke by die inisiasiepraktyke self of by die bestuursaspekte daarvan; om voorsiening te maak vir die doeltreffende regulering van inisiasieskole; om voorsiening te maak vir die reguleringsmagte van die Minister en Premiers; om voorsiening te maak vir die monitering van die implementering van hierdie Wet; om voorsiening te maak vir provinsie- spesifieke aangeleenthede, en vir sake wat daarmee in verband staan.
Hersiene Witskrif op Kuns, Kultuur en Erfenis	2018	Die Witskrif is goedgekeur deur die Kabinet in 2018 na 'n Sosio- Ekonomiese Impak-assessering uitgevoer deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium. Dit bevat 'n uiteensetting van die beleidsdoelwitte, soos gerugsteun deur die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis. Dit verteenwoordig die soomlose integrasie van die NOP en die Maatskaplike Samehorigheid- en Nasieboustrategie wat die visie en strategiese doelwitte van die DKES ondersteun.
Wet op die Raamwerk vir Voorkeur-verkryging-beleid, 2000	Wet 5 van 2000	Om uitvoering te gee aan artikel 217(3) van die Grondwet deur 'n raamwerk te verskaf vir die implementering van die verkrygingsbeleid soos bepaal deur artikel 217(3) van die Grondwet.

7.3 Institusionele beleid en strategie oor die vyfjaar beplanningstydperk

Beleid	Beskrywing
Gedragkode vir WKKK lede	Die hoofdoel van die Kode is om navolgenswaardige gedrag onder lede te bevorder om institusionele geloofwaardigheid aan die WKKK te verleen
Beleid op Registrasie en De-registrasie van Kultuurrade	Hierdie beleid maak voorsiening vir die registrasie van kultuurrade om mense wat 'n gemeenskaplike kultuur- of taalerfenis deel te verteenwoordig. Dit gee gevolg aan die beginsel van respektering, koestering, instandhouding en beskerming van kulturele diversiteit in die Wes-Kaap en Suid-Afrika as geheel. Die beleid stel die WKKK in staat om kultuurrade te de- registreer wanneer daar goeie gronde bestaan om dit te doen.
Gebruiksbeleid vir Kultuurfasiliteite	Om 'n raamwerk te verskaf vir die Rekenpligtige Gesag van die WKKK om inkomste ekonomies en doeltreffend te bestuur om die volle benutting van bates onder die Kommissie se beheer te bevorder.
WKKK Finansiële Delegasies	Delegasies van magte uitgereik deur die Rekenpligtige Gesag ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
WKKK VKB Delegasies	Delegasies van mag uitgereik deur die Rekenpligtige Gesag ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.

Beleid	Beskrywing
Wesentlikheids-raamwerk	Die Rekenpligtige Gesag moet 'n raamwerk ten opsigte van aanvaarbare vlakke van wesentlikheid en betekenisvolheid ontwikkel en goedkeur met die Uitvoerende Gesag in oorleg met eksterne ouditeurs.
Bedrogvoorkomings-plan	Die beleid maak voorsiening vir reaksiemeganismes om voorkomste van bed-rog wat 'n impak op die WKKK kan hê te rapporteer, ondersoek en op te los.
Personeelbehuising-beleid	Om riglyne te verskaf vir die okkommodasie en toekenning van staatsbehuising wat gebruik word deur personeel in diens van die DKES-kultuurfasiliteite
Ondernemingsrisiko-bestuurstrategie en -implementeringsplan	Om uitvoering te gee aan die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, artikel 51(1)(a)(i), wat bepaal dat die Rekenpligtige Gesag moet verseker dat die entiteit 'n doeltreffende, doelmatige en deur-sigtige stelsel van finansiële en risikobestuur en interne kontrole handhaaf.
Beheer van Debiteure	Die Rekenpligtige Gesag moet debiteure beheer vir die benutting van kultuur-fasiliteite.
Vergoeding van Lede	Om betalings te fasiliteer aan lede van die WKKK wat genomineer is om konferensies, projekte, vergaderings en werksinkels namens die Kommissie by te woon.
Voorsieningskettling-bestuursbeleid	Om voorsieningskettlingbestuur binne die entiteit te reguleer.

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

1. VERSLAG VAN OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE

Die OGSA voer tans die vereiste prosedures uit op die prestasie-inligting om verslag te doen oor die wesenlike bevindings.

Verwys na bladsy 43 van die Verslag van die Ouditeur, uitgereik as Deel F: Finansiële Inligting.

2. OORSIG VAN PRESTASIE

2.1. Diensleweringomgewing

Kuns en kultuur speel 'n belangrike rol in die alledaagse lewens van mense, om by te dra tot die ekonomie, die bevordering van welstand, die vorming van identiteit en die koppeling van gemeenskappe. Gedurende die oorsigjaar het die WKKK hul bedrywighede aangepas om aan die eise van die kultuurlandskap te voldoen sonder om fokus van hul mandaat te verloor.

Vier voltallige vergaderings is gehou waar robuuste bespreking en debat oor kulturele identiteit, kulturele praktyke en toeganklikheid tot die kultuurfasiliteite gevoer is. Dit was nuttig aangesien besluite en aanbevelings verseker het dat hul geprojekteerde prestasie behaal is, soos in die Jaarlikse Prestasieplan vermeld.

Die uitvoerbaarheidstudie wat die potensiaal van die Schoemanspoort- en Melkbos Oppiese fasiliteite evalueer het om nuwe kliënte te lok en die gebruik van die fasiliteite te diversifiseer om moontlik inkomstestrome te verhoog, is suksesvol afgehandel. Die WKKK het aan interaktiewe sessies met konsultante deelgeneem en die uitvoerbaarheidstudieverlag is hersien om te verseker dat alle fasiliteitgebruikers se sienings in ag geneem is. Die Fasiliteitskomitee het ook maniere oorweeg om die huidige beste praktykmodelle van Cape Nature te gebruik vir idees en konsepte wat oorweeg moet word. Die aanbevelings van die uitvoerbaarheidstudie vir die hermodellering van hierdie twee fasiliteite sal in fases in die 2024/25-boekjaar geïmplementeer word. Gegewe die huidige fiskale omgewing, sal die WKKK nuwe rolspelers betrek en inisiatiewe aanpak wat die volhoubaarheid van hierdie fasiliteite vir die afsienbare toekoms sal verseker.

Die personeeldiensstaat van die fasiliteite word deur die UOWP-program van die Departement aangevul. UOWP-begunstigdes by die fasiliteite help met administratiewe en instandhoudingsbedrywighede.

Die Kommissie het voortgegaan om sy werksverhouding en samewerking met die kultuursektor te versterk om te verseker dat kultuuraangeleenthede in die verskeie gemeenskappe in die Wes-Kaap ontwikkel, bevorder en bewaar word. Welstand en sosiale insluiting deur middel van betrokkenheid met kultuurgemeenskappe bly steeds 'n prioriteit vir die Kommissie. Lede bly daartoe verbind om in die toekoms meer geleenthede van die kultuurrade by te woon.

2.2. Organisasoriese omgewing

Ingevolge Klousule 4 (1) van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade van 1998, is die Kultuurkommissie deur die Minister van die Departement van Kultuursake en Sport vir 'n termyn van drie jaar aangestel. Die huidige Kommissie se termyn sal op 31 Januarie 2025 verstryk.

Die oorsigjaar het beduidende veranderinge teweeg gebring weens die bedanking van die Voorsitter in Februarie 2023, en die heengaan van me. Kathy Dumbrell in November 2023, wie ook as Voorsitter van die Kultuurfasiliteitskomitee opgetree het. Die Ondervoorsitter me. Quahnita Samie het as tussentydse voorsitter opgetree en die gladde afhandeling van die voldoeningprosesse gefasiliteer wat die funksionering van die entiteit verseker. Mnr. Lungelo Nokwaza, die voormalige Voorsitter van die Inisiasieverwysingskomitee, is tydens 'n voltallige sitting van die WKKK amptelik as Voorsitter verkies. As die verkose Voorsitter het hy ook as die Rekenpligtige Gesag, namens die Wes-Kaapse Kultuurkommissie opgetree.

Die Ondervoorsitter, me. Quahnita Samie, het bedank, hoewel sy as lid aangebly het. Daarna is mnr. Charl van Blerk as die Ondervoorsitter van die entiteit verkies. Mnr. Martin Myers is tydens 'n voltallige sitting in Februarie 2024 as die Voorsitter van die Kultuurfasiliteitskomitee verkies.

Ten spyte van die uitdagings het die entiteit suksesvol aan alle tersaaklike regulasies voldoen en sy mandaat uitgevoer soos deur die Provinsiale Minister toegewys is. Gedurende die boekjaar het die Kommissie proaktiewe en deursigtige praktyke in die aanstellingsproses getoon, wat verseker het dat die entiteit se bestuursverantwoordelikhede doeltreffend uitgevoer is.

Die departementele personeel het verseker dat alle sperdatums nagekom is, en dat die oorplasing van lede na die verskillende portefeuljes glad verloop het. Die span het in samewerking met die HUB: Openbare Entiteit Ondersteuningseenheid doeltreffende prestasie en finansiële bestuur verseker. Voltallige vergaderings is van aangesig tot aangesig gehou, terwyl Komiteevergaderings aanlyn gehou is om koste te verminder. Kwartaallike prestasie-inligting is gerapporteer en op die EQPR-stelsel vir moniterings- en evalueringsdoeleindes sowel as audit- en strategiese toesigvereistes aangeteken.

2.3. Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Sedert die Wet op Gebruiklike Inisiasie, Wet 2 van 2021 afgevaardig is, is die Wes-Kaapse Provinsiale Inisiasie-koördineringskomitee (WKPIKK) op 1 Julie 2022 vir sy tweede termyn deur die Premier aangestel. Die ampstermyn vir die WKPIKK is vyf jaar en sy hoof funksie is om alle inisiasieskole, praktyke en aktiwiteite binne die provinsie te koördineer, ooreenkomstig artikel 15 van die Wet op Gebruiklike Inisiasie, Wet 2 van 2021.

2.4. Vordering ter bereiking van institusionele impakte en uitkomst

Die WKKK se beplande uitkomst volgens sy Strategiese Plan verskyn hieronder en dui aan die vordering wat gemaak is ten opsigte van die Kommissie se impakverklaring.

Impakverklaring	Deur sy werksaamhede strewende die Kommissie daarna om veilige en samehorige gemeenskappe te skep deur die gebruik van fasiliteite te herposisioneer asook om ondersteuning te verskaf aan geregistreerde kultuurrade om hulle kultuurpraktyke te bewaar
------------------------	--

Nr.	Uitkoms	Uitkomsaanwyser
1	Diverse kultuuraktiwiteite binne gemeenskappe.	Aantal geregistreerde kultuurrade ondersteun deur oordragbetalings.
2	Goedbestuurde en veilige kultuurfasiliteite.	Aantal fasiliteite opgeknop en in stand gehou om gepastheid en veiligheid vir gebruikers te verseker.
3	Optimale benutting van die kultuurfasiliteite.	Aantal gebruikers wat kultuurfasiliteite benut.

Gedurende die oorsigjaar het die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bygedra tot die Nasionale Uitkomst van die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTR):

MTR Prioriteit	Bydrae van Kommissie
Prioriteit 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering	Die WKKK het deur die befondsingsondersteuning wat aan kultuurrade vir kuns- en kultuurbevordering en -bewing verleen is, gehelp met die skepping van volhoubare kulturele aktiwiteite binne gemeenskappe. Ondersteuning van kuns en kulturele aktiwiteite maak voorsiening vir die ontwikkeling van kulturele identiteite en die behoud van tradisionele kunsvorme.
Prioriteit 6: Maatskaplike Samehorigheid en Veilige Gemeenskappe	Die ondersteuning van kulturele praktyke dra by tot welstand en sosiale insluiting. Die WKKK moedig sosiale verbintenisse tussen jeug- en kultuurrade aan deur die voorsiening van befonding en toegang tot kultuurfasiliteite. Die WKKK het die kuns- en kultuurprogramme van kultuurrade aangewend om volhoubare kruissectorsamewerkinge en intergenerasionele interaksies te bevorder om blywende sosiale kohesie te bevorder.

3. INLIGTING OOR INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE

3.1. Program: Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Die WKKK adviseer die Minister oor die optimale implementering van die mandaat van die WKKK ooreenkomstig die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 14 van 1998, en hoe om die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kuns en kultuur te hanteer.

Die WKKK het drie prestasiegeareas soos deur die Wet voorgeskryf. Hierdie areas bepaal die funksies van die Kommissie, naamlik:

- om roerende en onroerende eiendom te beheer, bestuur, ontwikkel en in stand te hou;
- om die registrasie en de-registrasie van kultuurrade te bestuur; en
- om die LUR te adviseer oor die beste manier om die mandaat van die WKKK te verwesenlik.

Die Departement van Kultuursake en Sport het administratiewe en finansiële ondersteuning aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verleen om sy wetgewende mandaat uit te voer, wat die verskaffing van ondersteuning aan kultuurrade en die instandhouding van sewe kultuurfasiliteite binne die provinsie insluit.

Daar is 36 kultuurrade wat by die WKKK geregistreer is. Die rade is in die volgende streke geleë: sewe in die Kaapse Wynland-distrik, twee in die Weskus-distrik, ses in die Tuinroete-distrik en 21 in die Metro. Alhoewel die advertensie en aansoek om befondsing aan alle geregistreerde rade gestuur is, is slegs nege aansoeke ontvang. Hierdie nege kultuurrade is na 'n evalueringsproses gedurende die oorsigjaar aanbeveel. Die Kommissie het die kultuurrade ondersteun om hul programme in hul gemeenskappe uit te voer. Programme het gewissel en was daarop gemik om tradisie oor te dra en identiteit en trots onder die jeug te kweek. Die rade het werksessies gefasiliteer wat gefokus het op hoe die praktyk van kultuur bydra tot gedragsverandering.

Die WKKK ondersteun die idee dat sosiale insluiting beide 'n proses en 'n doelwit is en daarom word interaksie en diverse inisiatiewe ondersteun.

Die tabel hieronder verskaf die besonderhede van die nege geregistreerde kultuurrade wat deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie ondersteun is om hul kulturele aktiwiteite en geleenthede te implementeer.

Kultuurraad	Doel van fondse	Bedrag oorgedra	Projekdatum/s	Vergaderplek van projek
Gorachouqua Stamhuis van Kaapse Khoi	Kulturele Jeugkamp	R 30 000	4 - 5 November 2023	Youth for Change Sentrum, Retreat
Xhosa Tradisionele en Kultuurorganisasie	Erfenisdag-vieringe	R 49 920	25 September 2023	Isilimela Hoërskool, Langa
Cochoqua Khoisan Stamhuis	Herstel en genesing van generasie-trauma (konferensie)	R 30 000	18 November 2023	Pollsmoor-gevangenis
Igugu lamaXesibe Kultuurraad	Kultuurprogram-werksessie	R 30 000	7 Oktober 2023	Vusisizwe Creche Hall, Crossroads
Khoe - San Inheemse Vroue in Aksie	Konferensie oor die rol van vroue in die herstel van inheemse kultuur en erfenis	R 30 000	19 Augustus 2023	Burgersentrum, Retreat
Gourikwa Huis Kultuurorganisasie	Gourikwa Huis Kultuurfees	R 30 000	30 September 2023	Grootbrakrivier
Goringhaiqua Goringhaicona Khoi - Khoi Inheems Tradisioneel	Jeugkultuurprogram	R 30 000	17 - 19 November 2023	Oude Molen, Pinelands

Kultuurraad	Doel van fondse	Bedrag oorgedra	Projekdatum/s	Vergaderplek van projek
Hessequa Stamhuis/raad	Kulturele Opvoedkundige Konferensie	R 36 700	24 September 2023	Burgersentrum, Montague
Hessequa Khoi Stamhuis/raad	Kultuurfees: Tradisionele Musiek en Dans	R 32 123	3 February 2024	Klein Plassie Museum, Worcester

Hieronder is beeldmateriaal van aktiwiteite van die verskillende kultuurrade.



Khoe - San Inheemse Vroue in Aksie - konferensie in Retreat



Kunstenars by die Erfenisgeleentheid van die *Xhosa Tradisionele en Kulturele Organisasie* in Langa

Die ongunstige weerstoestande gedurende die jaar het skade by sommige fasiliteite aangerig. Bome het omgewaai, oorstromings het voorgekom, heinings is beskadig en dakke is deur stormsterk winde en swaar reënval losgeruk. As gevolg van die sterk krag van die reënwater wat modderstortings veroorsaak het, is die veiligheidsheining by die Okkie Jooste-kulturfasiliteit in Jonkershoekvallei in Stellenbosch platgetrek (sien foto's hieronder).



Okkie Jooste kulturfasiliteit

Die skade is deur die Departement van Infrastruktuur herstel, wat die veiligheid van kliënte wat die geriewe by die fasiliteit gebruik, en personeel wat op die perseel woon verseker het.

Die span verantwoordelik vir die instandhouding by die sewe kulturfasiliteite is deel van die personeel van die Departement van Kultuursake en Sport. Daar is 18 permanente personelede in die span wat poste van grondmanne, algemene voormanne en kulturfasiliteitskoördineerders beklee. 'n Addisionele groep van 25 jongmense is werksaam by die kulturfasiliteite onder die Kuns en Kultuur UOWP-program van die Departement. Hulle het bykomende ondersteuning verleen vir die herstel en instandhouding by die fasiliteite; en verseker dat geriewe goed onderhou is sodat kliënte hul projekte en geleenthede in 'n veilige en aangename omgewing kon uitvoer.



Die UOWP-begunstigdes by die Koekenaap kulturfasiliteit het na die vloed herstelwerk aan die mure van die rondawel uitgevoer.

Die Koekenaap fasiliteit in die Matzikama-munisipaliteit het erge oorstromings ondervind wat skade aan die staatshuise op die perseel aangerig het. Die huise is onveilig om as akkommodasie gebruik te word en die Departement van Infrastruktuur sal verdere assesserings en herstelwerk in die 2024/25-boekjaar uitvoer.

Veiligheid en sekuriteit bly steeds 'n prioriteit by die fasiliteite. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het verseker dat die kulturfasiliteite voldoen aan die regulasies soos bepaal in die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (OHASA). Die stoorfasiliteit vir gastenks en die pype vir gasvloei na die gasstowe is opgegradeer tot die vereiste standarde.

Die WKKK het 'n nuwe werksverhouding met die Dvl en Polisietoedig en Gemeenskapsveiligheid (DPOGV) ontwikkel wat in die afgelope jaar van onskatbare waarde was. Die Koekenaap kulturfasiliteit in die Matzikama-

munisipaliteit en die Groot Drakenstein kultuurfasiliteit in die Drakenstein-munisipaliteit het gedurende die jaar veiligheidsoortredings ondervind. Die DPOCS was verplig om terreininspeksies te doen, en bykomende kwesbare gebiede is geïdentifiseer. Die sekuriteitsveiligheidsbeoordelingsverslae, wat na aanleiding van die inspeksies saamgestel is, het as grondslag vir die Kommissie gedien om spesifikasies te ontwikkel vir die verkryging van toepaslike veiligheidskenmerke. Die veiligheidskenmerke vir die Koekenaap kultuurfasiliteit sal in die nuwe boekjaar aangekoop en geïnstalleer word. Die Dvl sal veiligheidsheining by die Groot Drakenstein kultuurfasiliteit installeer. Hierdie bystand en advies was van onskatbare waarde vir die WKKK aangesien die administratiewe personeel nie oor die gespesialiseerde kennis beskik nie en op hul kundigheid en bystand aangewese is.

Die besprekings by die fasiliteite het toegeneem en bykomende inkomste is gegeneer, maar dit dek slegs die uitgawes verbonde aan die instandhouding en die instandhouding van fasiliteite. Die verbeterings en veiligheidskenmerke wat geïmplementeer is, is hoofsaaklik deur die Dvl gedoen.

3.2 Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie	Geouditeerde werklike prestasie	Beplande jaarlikse teiken	Werklike prestasie	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie	Redes vir afwykings
			2021/2022	2022/2023	2023/2024	2023/2024	2023/2024	
Diverse kultuur-aktiwiteite binne gemeenskappe	Oordrag-betalings aan geregistreerde kultuurrade	Aantal geregistreerde kultuurrade ondersteun deur Oordrag-betalings.	7	9	9	9	-	-
Goed-versorgde en veilige kultuur-fasiliteite	Implementering van goed-gekeurde instandhoudings-plan	Aantal fasiliteite opgeknop of in stand gehou om gepastheid en veiligheid vir gebruikers te verseker	7	7	7	7	-	-
Optimale benutting van die kultuur-fasiliteite	Gebruik van kultuur-fasiliteite	Aantal gebruikers wat kultuur-fasiliteite gebruik.	2 401	11 375	6 595	15 416	8 821	Beduidende pogings is aangewend om die benutting van kultuur fasiliteite te verbeter – naamlik die opknapping van die fasiliteite en die verbetering van personeel-kliënt dienslewering.

Koppeling van prestasie aan begroting

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het die sleutelprestasie-areas in lyn gebring met die begroting wat deur die Departement van Kultuursake en Sport in die oorsigjaar oorgedra is.

Doelwit	2023/2024			2022/2023		
	Begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Goedere en dienste	3 349	3 204	*145	2 730	2 548	182
Totaal	3 349	3 204	*145	2 730	2 548	182

*Die verskil is hoofsaaklik toegeskryf aan vertraging in die verkrygingsproses, aangesien verskaffers nie volgens die geadverteerde spesifikasies gekwoteer het nie.

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Die entiteit het alle beplande teikens bereik soos weerspieël in die 2023/24 Jaarlikse Prestasieplan.

4. INKOMSTE-INVORDERING

Bronne van inkomste	2023/2024			2022/2023		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onder-invordering	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onder-invordering
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Ander bedryfsinkomste	2 399	2 977	*(578)	2 023	2 519	(496)
Oordragbetaling	655	2 155	** (1 500)	627	627	0
Rente inkomste	295	439	*** (144)	80	239	(159)
Totaal	3 349	5 571	(2 222)	2 730	3 385	(655)

* Die oorinsameling is weens die toename in die gebruik van die kultuurfasiliteite. Dit is 'n vraaggedrewe inkomste-item.

**'n Bykomende R1,5 miljoen oordragbetaling is van die Departement van Kultuursake en Sport ontvang om te help met die versagting van beurtkrag by die verskillende kultuurfasiliteite.

***Die afwyking is te wyte aan die styging in die rentekoers vir die jaar onder oorsig.

5. KAPITAALBELEGGING

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het 'n goeie interregeringsverhouding met die Departement van Infrastruktuur (DVI) gehandhaaf om goed bestuurde kultuurfasiliteite vir die mense van die Wes-Kaap te bied.

Die foto's hieronder illustreer onlangse verbeterings by die fasiliteite wat deur die DVI geïmplementeer is.



Herstelwerk aan skuifdeure by die Groot Drakenstein kultuurfasiliteit in Simondium.



Vervanging van die distribusiebord by die slaapkwartiere op die perseel van Okkie Jooste kultuurfasiliteit in Jonkershoek, Stellenbosch.



Opraderings aan die waterretensiedam by die Koekenaap kultuurfasiliteit in die Matzikama-munisipaliteit.



Opgradering van rioolstelsel aan personeelhuse op die perseel van die Melkbos kultuursentrum in Melkbosstrand.



Opgraderings aan die rioolstelsel verbind aan die personeelbehuising op die perseel van Schoemanspoort kultuurfasiliteit in Oudtshoorn.

Die opgraderings wat deur die Departement van Infrastruktuur (Dvl) vir implementering gedurende die oorsigjaar geïdentifiseer is, is verdrag weens verkrygingsprosesse. Die opgraderings sal in die 2024/25-boekjaar begin, soos weerspieël in die tabel hieronder, en die koste sal deur die Dvl gedek word.

Begroting R'000	Infrastruktuurprojekte
R 12 803	Installasie van veiligheidsheining by die Groot Drakenstein kultuurfasiliteit
R 19 561	Groot opgraderings by die Okkie Jooste kultuurfasiliteit (verwydering van alle asbesdakke, installasie van nuwe plafonne, opgradering van staatspersoneelhuse, installasie van aluminium deure en vensters, opgradering van elektriese, loodgieter- en waterstelsels, ens.)

1. INLEIDING

Bestuur, risikobestuur en voldoening is drie pilare wat saamwerk om te verseker dat die entiteit sy doelwitte bereik. Die voldoening aan die entiteit se beleid en prosedures, wette en regulasies, en wat beliggaam word in sterk en doeltreffende bestuur, word beskou as deurslaggewende faktore vir die entiteit se sukses. Die verslag verskaf 'n oorsig van die bestuur wat ingebed is in die entiteit.

Die Parlement, die Uitvoerende Gesag en die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir korporatiewe bestuur.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die Staande Komitee oor Polisie-toesig en Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport en die Staande Komitee op Openbare Rekeninge (SKOOR) hou toesig oor die Komitee se werk.

Staande Komitee oor Polisie-toesig en Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport	
Vergadering	Onderwerp
31 Oktober 2023	Bespreking oor die 2022/23 Jaarverslae van die DKES en sy entiteite.
29 November 2023	Oorweging van Begrotingspos 13 van die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegroting, 2023
13 Maart 2024	Bespreking van Begrotingspos 13 van die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp 2024

SKOOR-besluite

Geen besluite is vir die entiteit gepubliseer nie.

Die entiteit het met die Provinsiale Komitee op Openbare Rekeninge vergader:

Staande Komitee op Openbare Rekeninge	
Vergadering	Onderwerp
31 Oktober 2023	Oorweging van die 2022/23 Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport en sy entiteite, Wes-Kaapse Taalkomitee, Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Erfenis Wes-Kaap.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Uitvoerende Gesag het oorsigverantwoordelikheid uitgeoefen deur finansiële en nie-finansiële inligting vir die verslagtydperk te monitor. Die volgende verslae is ingedien vir moniteringsdoeleindes:

Kwartaallikse Prestasieverslag	31 Julie 2023; 31 Oktober 2023; 31 Januarie 2024; 30 April 2024
Tussentydse moniteringsverslag	31 Julie 2023; 31 Oktober 2023; 31 Januarie 2024; 30 April 2024

4. DIE REKENPLIGTIGE GESAG

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bedryf sy werksaamhede binne die raamwerk van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, Wet 14 van 1998, om doeltreffende prestasie ten opsigte van dienslewering aan die inwoners van die Wes-Kaap te verseker. Die doelstellings van die Kultuurkommissie is om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, bevorder en te ontwikkel, in ooreenstemming met 'n beleid bepaal deur die Provinsiale Minister.

Die belang en doel van die kommissie

Ten einde die doelstellings waarvoor die Kultuurkommissie in die lewe groep is te verwesenlik, moet die Kommissie:

- Die registrasie en deregistrasie van kultuurrade oorweeg.
- Roerende en onroerende eiendom wat ingevolge artikel 21(1)(a) of (b) onder sy toesig geplaas is beheer, bestuur, ontwikkel en in stand hou.
- Sodanige ander funksies verrig as wat die Provinsiale Minister aan die Kommissie mag toewys.

Die Kultuurkommissie mag op sy eie inisiatief of op versoek van die Provinsiale Minister of versoek van 'n kultuurraad of -rade aanbevelings maak oor hoe die doelstellings van die Kultuurkommissie ten beste bereik kan word met betrekking tot, onder ander, die volgende gebiede:

- Die visuele, uitvoerende en literêre kunste.
- Die natuur- en geesteswetenskappe.
- Kultuur-historiese gebiede.
- Die jeug se kultuurbewussyn en betrokkenheid.

Die rol van die Kommissie is as volg:

Die Kultuurkommissie kan sy hulpbronne aanwend tot bystand van 'n Kultuurraad of -rade wat volgens die Wet ingestel is deur:

- Subsidiëring van kultuurverwante projekte, navorsing en konferensies soos van tyd tot tyd bepaal deur die Provinsiale Minister en waarvoor 'n kultuurraad of -rade aansoek gedoen het.
- Bevordering en koördinerende van nasionale en internasionale interkulturele kontak.
- Verskaffing van inligting om kultuur te bewaar, bevorder en te ontwikkel.

Samestelling van die Kommissie

Die samestelling van die raad is 12 lede soos aangestel in 2022 vir 'n drie-jaar termyn deur die Minister van Kultuursake en Sport.

Naam	Benoeming (ten opsigte van die struktuur van die Openbare entiteit)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne	Aantal vergaderings by-gewoon
Arendse MC	WKKK Lid Voorsitter Kultuurrade	1 Februarie 2022 10 Maart 2023	N.v.t	Hoërskool John Ramsay; Bevoegdheid in Nasionale Wet op Vuurwapenbeheer NKR Vlak 3.	Geakkrediteerde diensverskaffer aan die Nasionale Vaardighedsfonds deur die Departement van Arbeid. Stigter van Wes-Kaapse Grond en Erfenisraad. Voorsitter van die Wes-Kaapse Korana en Nguni Kultuurraad.	Geen	Geen	5
Baard PM	WKKK Lid	1 Februarie 2022	N.v.t	BA Hons Drama Dramagraad	Nasionale Sangkompetisie (ATKV). Het 'n album vir Music Video opgeneem. Benoem vir die SAMA-toekennings. FNB vita-toekennings vir Cabare. Eie produksie in Cabare.	Geen	Geen	6
Dumbrell KE	Voorsitter Kultuur-fasiliteite	1 Februarie 2022 Oorlede November 2023	N.v.t	BA Hons in Afrikastudies Nagraadse Diploma in Afrikastudies. Baccalareus in Argitektoniese studies.	Lid van die Wes-Kaapse Erfenisraad van 2016 tot op hede. Doseer kursusse in Professionele Kommunikasie aan senior voorgraadse studente. Onderwyser in Kommunikasie vir Ingenieurs. Konsultant by UK- Skryfsentrum. Sedert 1996 besig met verkenning van Erfenisgebied wat dit omvat. Navorsingsbelangstelling in ruimtelike en maatskaplike geskiedenis.	Geen	Lid van die Wes-Kaapse Erfenisraad	1
Hop JD	WKKK Lid	1 Februarie 2022	N.v.t	Langeberg Senior Sekondêre Skool	Basiese Opleiding Suid-Afrikaanse Weermag Soldaat in die Suid-Afrikaanse Weermag. In eie diens. Khoisan Hessequa Vaardighedsontwikkeling. Hoofsekretaris Khoisan United Movement. Gevorderde Vuurwapenkursus	Geen	Geen	3

Naam	Benoeming (ten opsigte van die struktuur van die Openbare entiteit)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne	Aantal vergaderings bygewoon
Mavume-ngwana SI	Voorsitter Kultuurrade WKKK Lid	1 Februarie 2022 (Het bedank as voorsitter 8 Maart 2023)	N.v.t	Bedryfsielkunde. Diploma in Bemarkingsbestuur.	Raad op Suid-Afrikaanse Name (Raadslid). Lid van Raad: EWK Voorsitter: WKRGN. Stigter en Direkteur: Indalo OSW.	Geen	Erfenis Wes-Kaap	6
Muthien B	WKKK Lid	1 Februarie 2022	N.v.t	MA (Stellenbosch). BA(Hons) Sosiale Wetenskappe (UK) BA (UK).	Navorser. Fasiliteerder. Skrywer. Digter. Geleentheidskoördineerder Literêre kunste Geesteswetenskappe (geskiedenis, kuns, kultuurgeskiedenis, kultuur), Uitvoerende Kunste, Kultuurbedryf. Betrokkenheid by jeugontwikkeling.	Geen	Wes-Kaapse verteenwoordiger by Nasionale Kunsteraad	5
Myers MA	WKKK Lid Voorsitter Kultuur-fasiliteite	1 Februarie 2022 23 Februarie 2024	N.v.t	BA Sosiale Wetenskappe in Publieke Administrasie en Bedryfsosiologie (UCT) 1985.	Betrokke by die Kultuur en Vermaaklikheidsbedryf vir 30 jaar. Het Musiekuitruiskema gestig, 'n OSW wat tot ongelooftike verandering en opvoeding regdeur die Wes-Kaap gelei het. Bemarking Wes-Kaap vir BMG Records (wat SonyMusic geword het) vir 17 jaar. Uitvoerende Kunste Literêre Kunste Betrokkenheid by jeugontwikkeling (plattelandse werksinkels).	Geen	Geen	3

Naam	Benoeming (ten opsigte van die struktuur van die Openbare entiteit)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne	Aantal vergaderings bygewoon
Nokwaza LG	Inisiasie-verwysings-komitee Voorsitter WKKK Voorsitter	1 Februarie 2022	N.v.t	BA Hoër Diploma in Onderwys Gevorderde Diploma in Volwasse Onderwys Honneurs in BA Administrasie Graad in Filosofie Nagraadse Diploma in Regte MA Skool vir Openbare Leierskap	Uitvoerige kennis van kultuurerfenis ten opsigte van mense van Nguni-oorsprong. Diepliggende begrip van Nguni kultuurpraktyke. Besit deskundige kennis oor Xhosa heilige rituele en inheemse aanbidding	Geen	Geen	1
Samie Q	WKKK Onder-voorsitter WKKK Tussen-tydse Voorsitter	1 Februarie 2022 23 Februarie 2023	N.v.t	BA in Stads- en Streeksbeplanning. Nasionale Diploma in Stadsbeplanning MPhil	Onafhanklike Erfenis konsultant. Fasiliteerder van aantal Erfenisprosesse. Bestuurservaring Was werksaam by SAHRA. Opstel van beleid. Tans 'n Raadslid van Robben Eiland.	Geen	Geen	2

Naam	Benoeming (ten opsigte van die struktuur van die Openbare entiteit)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne	Aantal vergaderings by-gewoon
Van Blerk CI	WKKK Lid Onder-voorsitter: WKKK	1 Februarie 2022 20 April 2023	N.v.t	Nasionale Senior Sertifikaat. Universiteit van Londen, Sertifikaat van Globale Diplomatie: Dipomasie in die Moderne Wêreld. Universiteit van Londen, Sertifikaat van Globale Diplomatie: Die Verenigde Nasies in die Wêreld. Universiteit van Kaapstad, Sertifikaat in Versaging in Klimaatverandering vir Ontwikkelende Lande. DA Jeugleier Alumni	Opnamekunstenaar (Charlie Void). HUB & Stigter van Park-share Technologies. Takvoorsitter Atlantiese kusstrook. DA jeugkiesersvoorsitter vir Goeie Hoop. Uitvoerende Direkteur van die Turn Around Project (PBO.)	Geen	Geen	3
Winster W	WKKK Lid	1 Februarie 2022	N.v.t	N4 Rekenaarpraktik. Sertifikaat van Chrysalis Akademie.	Versendingstoeshouer Elektries by Nolitha (Edms) Bpk.	Geen	Geen	6
Jama Z	WKKK Lid	13 Oktober 2023	N.v.t	BA Vista Universiteit BA Honneurs Universiteit van Suid-Afrika Meestersgraad Universiteit van Kaapstad Doktorale kandidaat Universiteit van Kaapstad Siswahili Taalkursus Universiteit van Dar es Salaam	Geesteswetenskappe (geskiedenis, kunste, kultuurgeskiedenis, kultuur). Kultuurnywerhede (kulturele toerisme, kunsvlyt, ontwerp, ens.). Tale.	Geen	Geen	2

Samestelling van die Kommissie

Komitees

Komitee	Aantal vergaderings gehou	Aantal lede	Name van lede
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	4	12	Lungelo Nokwaza (Voorsitter) Charl Van Blerk (Ondervoorsitter) Zukile Jama Siphiwo Mavumengwana Quahnita Samie Kathy Dumbrell (Oorlede in November 2023) Martin Myers Bernedette Muthien Melvyn Arendse Wayne Winster Petronel Baard Jumath Hop
WKKK Inisiasieverwysingskomitee	0	3	Lungelo Nokwaza (Voorsitter) Siphiwo Mavumengwana Zukile Jama
WKKK Komitee vir Kultuurfasiliteite	0	5	Kathy Dumbrell (Voorsitter) Quahnita Samie Martin Meyers Charl Van Blerk Bernedette Muthien
WKKK Komitee vir Kultuurrade	2	5	Melvyn Arendse (Voorsitter) Siphiwo Mavumengwana (voormalige Voorsitter) Wayne Winster Jumath Hop Petronel Baard

Besoldiging van Komiteelede

Die diensvoordeelpakkette vir ampsdraers van sekere statutêre en ander instellings word bepaal deur die Minister van Finansies en aangedui in 'n Omsendbrief van die Provinsiale Tesourie. Die Voorsitter se tarief is R501,00 per uur, die Ondervoorsitter se tarief is R353,00 per uur en die tarief vir lede is R307,00 per uur.

Van	Voorletter	Besoldiging R`000	*Ander toelae R`000	Totaal R`000
Arendse	Melvyn	4	1	5
Baard	Petronel	6	4	10
Dumbrell	Kathy	1	2	3
Hop	Jumath	3	0	3
Jama	Zukile	2	0	2
Mavumengwana	Siphiwo	6	2	8
Muthien	Bernedette	6	1	7
Myers	Martin	3	2	5
Nokwaza	Lungelo	8	2	10

Van	Voorletter	Besoldiging R`000	*Ander toelae R`000	Totaal R`000
Samie	Quahnita	3	0	3
Van Blerk	Charl	6	1	7
Winster	Wayne	6	**9	15
Total		54	24	78

*Ander toelaes sluit vervoer en verblyf in, waar van toepassing.

** Die lid is in Oudtshoorn gevestig en is geregtig daarop om te eis vir kilometers wat na en van vergaderings afgelê is.

5. RISIKOBESTUUR

Die Entiteit/Departement het op 12 April 2021 'n Ondernemingsrisikobestuursbeleid aanvaar vir die 2021/22 - 2024/25 boekjare. Hierdie beleid verwoord die risikobestuursfilosofie en omskryf die rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers. Dit verskaf die grondslag vir die risikobestuursproses, wat in meer besonderhede uitgespel word in die strategie.

Die Ondernemingsrisikobestuur (ORB)-strategie en implementeringsplan bepaal hoe die openbare entiteit te werk sal gaan met die implementering van die ORB beleid soos aanvaar deur die Rekenpligtige Gesag (RG). Hierdie ORB-strategie word ingegee deur die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuursbeleid en Strategie (PORBBS) asook sy eie ORB-beleid en risikoprofiel.

ORBekom verantwoordelikheid

Die ORBekom rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede ingevolge artikel 51 (1)(a)(i) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, Tesourieregulasie 3.2.1 en die Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3 nagekom het. Die ORBekom rapporteer ook dat dit die toepaslike formele Opdrag (goedgekeur deur die ORBekom voorsitter op 24 Mei 2012) aanvaar het, sy werksaamhede bedryf het ooreenkomstig hierdie Opdrag en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat nagekom het.

ORBekom lede

Die ORBekom bestaan uit die RG en verkose lede van die Departement van Kultuursake en Sport se bestuurspan en is onder voorsitterskap van die Rekenpligtige Beampte van daardie Departement. Die Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste verteenwoordig die entiteit by die ORBekom van die Departement. Die ORBekom het vier keer byeengekom gedurende die verslagjaar (kwartaallikse oorsig en rapportering), soos voorgeskryf in sy Opdrag. Die meeste van die vergaderings is bygewoon deur alle lede of sy/haar verteenwoordiger.

Die tabel hieronder verskaf tersaaklike inligting oor ORBekom lede:

Lid	Posisie	Bygewoon
G Redman	Rekenpligtige Beampte (Voorsitter)	3
B Rutgers	Direkteur: Finansiële Bestuur (HFB)	4
C van Wyk	Hoofdirekteur: Kultuursake	4
L Bouah	Hoofdirekteur: Sport en Ontspanning	4
S Julie	Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursteun	4
M Janse van Rensburg	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Naamdienste	3
T Mchunu	Direkteur: Kuns-, Kultuur- en Taaldienste	1
C Sani	Direkteur: Biblioteekdienste	4
N Dingayo	Direkteur: Provinsiale Argiefdienste	4
T Tutu	Direkteur: Sportbevordering	3
D Manuel	Direkteur: Sportontwikkeling	3
D Esau	Adjunkdirekteur: Interne Beheer (Risikokampioen)	3
D Flandorp	Adjunkdirekteur: Korporatiewe Verhoudingseenheid (Etiekbeampte)	3

Die volgende is 'n aanduiding van die ander beamptes wat die ORBEKOM vergaderings in die oorsigjaar bygewoon het:

Lid	Posisie	Bygewoon
L Africa	ORBEKOM Sekretariaat	4
J Boulle	Hoof: Jeug- en Naskoolse Programme	4
N Payne	Adjunkdirekteur: Ondernemingsinhoudsbestuur	1
G Abdullatief	Waarnemende Direkteur: Kuns-, Kultuur- en Taaldienste	2
C Scheermeyer	Adjunkdirekteur: Museums, Erfenis, en Geografiese Naamdienste	1
N Pietersen	Adjunkdirekteur: Sportbevordering	1
A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur, DvdP	4
C Cochrane	Hoof Risiko-adviseur, DvdP	4
K Abelse	Ondernemingsrisikobestuur, DvdP	4
V Simpson-Murray	Direkteur: Interne Oudit, DvdP	3
P De Villiers	Adjunkdirekteur: Inenre Oudit, DvdP	4
M Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste DvdP	4
A Snyder	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	3

Slutelaktiwiteite van ORBEKOM

Die RB is die voorsitter van die ORBEKOM en die Adjunkdirekteur: Interne Beheer is die Risikokampioen van die Departement. In die uitvoering van sy funksies, het die ORBEKOM die volgende vernaamste aktiwiteite gedurende die jaar uitgevoer:

- Die ORB Strategie en Implementeringsplan is hersien voor aanbeveling by die Ouditkomitee en goedkeuring deur die RG en RB.
- Risiko's in vasgestelde groepkategorieë van aptytreekse is gemonitor en hersien, toepaslike risikoaptyte en bestandhede is toegepas en hersien, gelei deur die PORBBS wat deur die Provinsiale Topbestuur aanvaar is.
- Alle wesentliche veranderinge aan die risikoprofiel is aan die RG gerapporteer.
- Die burgergerigte strategiese risiko's is bevestig. Dit illustreer die pogings aangewend in hantering van die bydraende faktore en impakte wat direk verband hou met die burgers.
- Ontvangs en oorweging van risikointelligensie en tendensverslae.
- Nuwe en opkomende risiko's is geïdentifiseer.
- Risiko's wat buite die bestandheidsvlakke val hersien vir verdere aksie/aandag.
- Implementering van die Voorkoming van Bedrog en Korrupsie-implementeringsplan gemonitor.
- Implementering van die ORB Beleid, Strategie en Implementeringsplan gemonitor.
- Die doeltreffendheid van versagtingstrategieë om wesentliche, etiese en ekonomiese misdaadrisko's te hanteer is geëvalueer.
- Oorsig ten opsigte van etiekbestuur in die departement is verskaf.

Vernaamste risiko wat gedurende die jaar oorweeg en hanteer is:

Die vernaamste risiko van die entiteit is "Onvoldoende huurinkomste om besteding op instandhouding van fasiliteite te dek". Hierdie risiko het in die vorige boekjare gestyg weens die ekonomiese agteruitgang wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is. Die fasiliteite is ook as isolasieterreine gebruik. Gedurende die vorige boekjaar het die risiko tot 'n matige vlak gedaal aangesien die ekonomiese toestande verbeter het sedert die pandemie en daar tans 'n styging in inkomste is om besteding op instandhouding van die fasiliteite te dek.

Die Gebruiksbeleid vir Kultuurfasiliteite is ook beperkend ten opsigte van ander inkomstegenerende meganismes. Die Departement van Kultuursake en Sport het die uitvoerbaarheidstudie oor potensiële inkomstegenerering binne die WKKK-mandaat afgesluit om hieraan aandag te gee.

Bestuur van risiko's

Risikobeoordelings word uitgevoer om die doeltreffendheid van die departement se risikobestuurstrategie te bepaal en om nuwe en opkomende risiko's te identifiseer as gevolg van veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing. Elke risiko is tydens die jaar oorweeg en bespreek en voorgelê by die ORBekom vergaderings. Senior bestuurders moes terugvoer verskaf oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid te verlaag dat risiko's sal realiseer, en/of die versagting van die impak daarvan sou hulle wel realiseer. ORBekom het ook risiko's terugverwys na die entiteit wat in meer diepte ontleed moet word en het bykomende versagtingsaksies aanbeveel om risiko's te bestuur. Bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels risiko-aangeleenthede op verskeie platforms as deel van sy kultureel in 'n poging om risiko's op 'n samewerkende en innoverende manier te hanteer. Die ORB Beleid en Strategie word jaarliks aan alle beamptes gestuur sodat alle personeelvlakke op hoogte kan bly met verbeterings wat aangebring is en as 'n metode om risikobestuur vas te lê. Pasgemaakte en generiese risikobewusmakingsessies is ook aangebied om metingselemente te deel ten einde risikobestuurvolwassenheid te bevorder. Aktiwiteite wat beskryf word in die implementeringsplan word deurlopend gemonitor en periodiek gerapporteer, op dieselfde wyse as waarop JPP lewerbares gemonitor word, om potensiële risiko's en afwykings van aanwysers en die bereiking van uitkomst en nie-voldoening aan wetgewende en beleidsmandate op te spoor.

Die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee verskaf onafhanklike oorsig van die stelsel van risikobestuur.

Die Ouditkomitee het kwartaallikse ORB vorderingsverslae en risikoregisters ontvang om sy onafhanklike oorsigrol te kan vervul.

Vernaamste opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Die entiteit is akuit bewus van ekonomiese werklikhede en die krimpende begroting opgeweeg teenoor maatskaplike gebeurlikhede. Hierdie potensiële risiko's word met arendsoë dopgehou en word gemonitor, bespreek en bestuur.

Gevolgtrekking

Met inagneming van die fiskale omgewing sal toekomstige ingrypings deur die aanbevelings in die uitvoerbaarheidstudie gerig word om die volhoubaarheid van die fasiliteite te verseker.

6. INTERNE BEHEERENHEID

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag om deurlopend interne beheermaatreëls te assesser en te evalueer om te verseker dat doeltreffende, doelmatige en deursigtige beheer- aktiwiteite in plek is en dat hulle verbeter word wanneer dit nodig is. Om dit te bereik, word kwartaallikse finansiële bestuursverbeteringsplan- en sleutelkontrole-vergaderings met die Ouditeur-generaal en programbestuurders van die openbare entiteit gehou. Dit is 'n deurlopende proses om te verseker dat die Openbare Entiteit sy skoon oudituitkomst handhaaf.

Die Departement het 'n Interne Beheerstrategie- en plan ontwerp en aanvaar, wat 'n hoëvlakplan uiteensit oor die implementering van interne beheer binne sy kernfunksies.

7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit verskaf onafhanklike, objektiewe versekering en raadgewende dienste aan bestuur, wat daarop gemik is om waarde by te voeg en die werkzaamhede van die openbare entiteit deurlopend te verbeter. Die moet die openbare entiteit help om sy doelwitte te bereik deur die aanwending van 'n stelselmatige, gedissiplineerde benadering om die doeltreffendheid van Bestuur, Risikobestuur en Beheerprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende vernaamste aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Assesseer en maak van toepaslike aanbevelings vir die verbetering van bestuursproesse in die bereiking van die departement se doelwitte;
- Evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuursproses en bydrae tot die verbetering daarvan;
- Help die Rekenpligtige Beampte om doeltreffende en doelmatige beheermaatreëls in stand te hou deur daardie maatreëls volgens sodanige maatstawwe te evalueer, en deur die maak van aanbevelings vir verbetering.

Interne Oudit se werksaamhede wat vir die Departement en die openbare entiteit afgehandel is vir die verslagjaar, sluit in vier versekeringsopdragte, een transversale opdrag en ses opvolgoudits. Besonderhede van hierdie opdragte is in die Ouditkomiteeverslag ingesluit.

Die Ouditkomitee is geskep as 'n oorsigliggaam, wat onafhanklike oorsig oor bestuur, risikobestuur en beheerproesse in die openbare entiteit lewer. Dit sluit oorsig en hersiening van die volgende in:

- Interne ouditfunksie;
- Eksterne ouditfunksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika - OGSA);
- Departement se rekeningkunde en verslagdoening;
- Departement se rekeningkundige beleid
- OGSA bestuur en ouditverslag
- Department se tussentydse monitering
- Department se risikobestuur
- Interne beheer
- Voorafbepaalde doelwitte
- Etiek, bedrog en korrupsie

Die tabel hieronder verskaf tersaaklike inligting oor die lede van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Aantal vergaderings bygewoon
Pieter Strauss (Voorsitter)	BCom Rekeningkunde; BCompt Hons; CA (SA)	Ekstern	N.v.t	1 Januarie 2022 (2 ^{de} termyn)	N.v.t	7
Ebrahim Abrahams	BCom Rekeningkunde Hons	Ekstern	N.v.t	1 Januarie 2022 (2 ^{de} termyn)	N.v.t	7
Annelise Cilliers	BCompt Hons; CA (SA)	Ekstern	N.v.t	1 Januarie 2022 (2 ^{de} termyn)	N.v.t	7
Fayruz Mohamed	BCompt Hons; CA (SA)	Ekstern	N.v.t	1 Januarie 2022 (1 ^{ste} termyn)	N/A	6

Die herstrukturering van die Ouditkomitees van die Wes-Kaapse Regering is deur die Kabinet op 1 November 2023 goedgekeur om by die WKR se prioriteite te pas. Die aantal ouditkomitees is van 6 na 3 verminder, en het daartoe gelei dat die Welstandskluster-ouditkomitee vanaf 1 April 2024 toesig oor die Departement hou.

8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES

Die entiteit het stelsels, beleid en prosesse in plek om voldoening aan wette en regulasies te verseker.

9. BEDROG EN KORRUPTIE

Bedrog en korrupsie verteenwoordig beduidende potensiële risiko's vir die entiteit se bates en kan 'n negatiewe impak hê op doeltreffende dienslewering en die Entiteit se reputasie.

Die WKR het 'n Teenbedrogen-korrupsiestrategie aanvaar wat die Provinsiese geenverdraagsaamheidsbenadering ten opsigte van korrupsie, bedrog, of ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en sal enige partye wat meedoen aan sulke praktyke of 'n poging aanwend om dit te doen, aktief en met die volle mag van die gereg vervolg.

Die entiteit het 'n goedgekeurde Teenbedrogen-korrupsievoorkomingsplan en 'n meegaande Implementeringsplan wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Daar is verskeie kanale vir die rapportering van bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie en dit word in besonderhede beskryf in die Provinsiale Teenbedrogen en -korrupsiestrategie, die WKR se Fluitjieblaasbeleid en die Departementele Bedrogen en -korrupsievoorkomingsplan. Elke bewering ontvang deur die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) -eenheid word aangeteken in 'n Gevallebestuurstelsel wat gebruik word as 'n instrument om verslag te doen oor die vordering gemaak met sake wat verband hou met die Departement en om statistiek vir die WKR en die Entiteit te genereer.

Werknemers en werkers wat die fluitjie blaas oor vermoedens van bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm indien die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. dit kom die vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmaking, Wet 26 van 2000 na, b.v. as die openbaarmaking in goeie trou gedoen is). Die WKR Fluitjieblaasbeleid verskaf riglyne aan werknemers en werkers oor hoe om hulle vermoedens te opper by die toepaslike lynbestuur, spesifieke aangewese persone in die WKR of eksterne liggame, waar hulle redelike gronde het om te glo dat misdrywe of onbehoorlikhede gepleeg word in die WKR. Die reg om anoniem te bly word aan enige persoon verleen wat dade van bedrog, diefstal of korrupsie wil rapporteer, en, indien hulle dit persoonlik aanmeld, sal hulle identiteit as vertroulik gehanteer word deur die persoon aan wie hulle rapporteer. Indien, nadat ondersoek gedoen is, bedrog, diefstal of korrupsie bevestig word nadat 'n ondersoek gedoen is, sal die werknemer wat deelgeneem het aan sodanige optrede onderwerp word aan 'n dissiplinêre verhoor. Daar word van die WKR verteenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge aanhangig maak verwag om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie getuienis van misdadige optrede na vore kom, word 'n strafsak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aangemeld.

10. VERMINDERING VAN BELANGEBOTSINGS

Om te verseker dat daar geen belangebotsings is ten opsigte van kommissielede nie, onderteken alle lede 'n verklaring van belange-vorm voor enige vergadering. Indien 'n belangebotsing wel sou ontstaan vir 'n lid, word daar van hom of haar vereis om van die proses te onttrek.

11. GEDRAGSKODE

'n Gedragskode word uitgereik aan lede wat riglyne stel vir voorbeeldige gedrag.

12. GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES

Beroepsgesondheid- en veiligheidsbewusmakingsessies word jaarliks by die fasiliteite aangebied in samewerking met die Departement van Polisie toesig en Gemeenskapsveiligheid.

13. MAATSKAPPY- / RAADSEKRETARIS (indien van toepassing)

N.v.t

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

N.v.t

Dit is ons aangename voorreg om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2024 aan te bied.

Verantwoordelikheid van Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede ingevolge artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies en Tesourieregulasie 2.1 nagekom het.

Die Ouditkomitee rapporteer ook dat dit die gepaste formele opdrag aanvaar het as sy Handves, sy werksaamhede ooreenkomstig hierdie Handves uitgevoer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat nagekom het.

Die doeltreffendheid van Interne Beheer

Daar word van die Entiteit verwag om stelsels van interne beheer te ontwerp en in stand te hou wat die waarskynlikheid sal verhoog dat dit sy doelwitte sal behaal en sal help om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarbinne dit werksaam is. Dit moet ook die doeltreffendheid en doelmatigheid van werksaamhede bevorder wat betroubare verslagdoening en voldoening aan wette en regulasies ondersteun. Die WKR het 'n gekombineerde Versekeringsraamwerk aanvaar wat versekeringsverskaffers identifiseer en integreer. Die eerste vlak van versekering is bestuursversekering: dit vereis van lynbestuur om doeltreffende interne kontroles in stand te hou en daardie prosedures uit te voer op 'n daaglikse basis deur middel van toesighoudende maatreëls en regstellende aksie waar benodig. Die tweede vlak van versekering is interne versekering verskaf deur funksies wat apart staan van direkte lynbestuur en wat verantwoordelik is vir die assessering van die voldoening aan beleid, prosedures, norme, standaarde en raamwerke. Die derde vlak van versekering is onafhanklike versekeringsverskaffers, wat verbind is tot professionele standaarde wat die hoogste vlak van onafhanklikheid vereis.

'n Risikogebaseerde Gekombineerde Versekeringsplan is vir die entiteit ontwerp, en gefasiliteer deur Interne Oudit, wat ook 'n onafhanklike versekeringsverskaffer is. Interne Oudit lewer redelike versekering aan die Ouditkomitee en Bestuur dat die interne beheermaatreëls voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne ouditplan, Interne Oudit se assessering van die toereikendheid van risikoversagtende beheermaatreëls asook monitoring deur die Ouditkomitee van die implementering van regstellende aksies.

Die volgende interne ouditopdragte is goedgekeur deur die Ouditkomitee en voltooi deur Interne Oudit voltooi vir die oorsigjaar:

- Bestuur van Openbare Entiteite
- Massadeelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling- en groeiprogram (MGO-program)
- Biblioteekdienste
- Oordragbetalings – Kultuurorganisasies
- Departementele Monitoring van IT-prestasie (Transversale audit)

Die gebiede waarop verbeter moet word, soos aangedui deur Interne Oudit gedurende die uitvoering van hulle pligte, is deur Bestuur goedgekeur. Die Ouditkomitee monitor die implementering van die goedgekeurde aksies op 'n kwartaallikse basis.

Tussentydse bestuur en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse tussentydse bestuurs- en prestasieverlae uitgereik tydens die verslagjaar deur die Rekenpligtige Gesag van die entiteit ingevolge Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste.

Beoordeling van finansiële jaarstate

Die ouditkomitee het:

- 'n oorsig en bespreking gedoen van die Geouditeerde Finansiële Jaarstate wat ingesluit sal word in die Jaarverslag;

- 'n Oorsig gedoen van die OGSA se Bestuursverslag asook bestuur se reaksie daarop;
- 'n Oorsig gedoen van veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyk soos in die Finansiële Jaarstate gerapporteer;
- 'n Oorsig gedoen van wesenlike aanpassings wat voortspruit uit die oudit van die entiteit.

Voldoening

Die Ouditkomitee het 'n oorsig gedoen van die entiteit se voldoeningprosesse ten opsigte van wets- en regulatoriese bepalings.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het 'n oorsig gedoen van die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos gerapporteer in die Jaarverslag.

Ouditeur-generaal se verslag

Die Ouditkomitee het op 'n kwartaallikse basis 'n oorsig gedoen van die entiteit se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die voorafgaande jaar geopper is. Ons het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat voortgespruit het uit die regulatoriese oudit nie. Korrektiewe aksies ten opsigte van die gedetailleerde bevindinge geopper deur die OGSA word op 'n kwartaallikse grondslag deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam en aanvaar die OGSA se mening aangaande die Finansiële Jaarstate en stel voor dat hierdie Geouditeerde State aanvaar word en saamgelees word met hulle verslag.

Mnr. Pieter Strauss

Voorsitter van die Welstandskluster Ouditkomitee

Datum: 8 Augustus 2024

16. BBSEB-VOLDOENINGSPRESTATIE-INLIGTING

Die volgende tabel is opgestel ooreenkomstig die BBSEB-verreistes van die BBSEB Wet van 2013 en soos bepaal deur die Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie..

Het die Departement / Openbare Entiteit enige tersaaklike Kode van Goeie Praktyk (BBSEB sertifikaat vlakke 1-8) toegepas met betrekking tot die volgende:		
Kriteria	Antwoord Ja / Nee	Bespreking <i>(Sluit 'n bespreking van u antwoord in en dui aan watter maatreëls getref is ter voldoening)</i>
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die uitreik van lisensies, konsessies, of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteite ingevolge enige wet?	Nee	Die entiteit reik nie lisensies, konsessies of ander magtigings uit ingevolge enige wet nie.
Ontwikkeling en implementering van voorkeurkrygingsbeleid?	Ja	Die VKB-beleid van die entiteit maak voorsiening vir die implementering van voorkeurverkryging.
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die verkoop van staatsbeheerde ondernemings?	Nee	Die entiteit is nie betrokke by die verkoop van staatsbeheerde ondernemings nie.
Ontwikkeling van kriteria vir sluiting van vennootskappe met die private sektor?	Nee	Die entiteit neem nie deel aan vennootskappe met die private sektor nie.
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes, en beleggingskemas ter ondersteuning van BBSEB?	Nee	Die entiteit is nie betrokke by die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van BBSEB nie.

DEEL D: BESTUUR VAN MENSLIKE HULPBRONNE

1. INLEIDING

Personeel staan in diens van die Departement van Kultuursake en Sport en die tersaaklike inligting is opgeneem in die DKES Jaarverslag.

2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONSTATISTIEK

Hierdie statistieke is gerapporteer in die Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport.

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE BESTEDING EN WESENLIKE VERLIESE

1.1 Onreëlmatige besteding

a) Rekonsiliasie van onreëlmatige besteding

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Beginsaldo	-	-
Aanpassing van beginsaldo	-	-
Beginsaldo soos heraan gewys	-	-
Plus: Onreëlmatige besteding bevestig	-	-
Min: Onreëlmatige besteding gekondoneer	-	-
Min: Onreëlmatige besteding nie gekondoneer en verwyder nie	-	-
Min: Onreëlmatige besteding wat verhaalbaar is	-	-
Min: Onreëlmatige besteding wat nie verhaal is en afgeskryf is	-	-
Eindsaldo	0	0

Rekonsiliasie-aantekeninge

Beskrywing	2023/24	2022/23 ²
	R'000	R'000
Onreëlmatige besteding wat in proses van assessing was	-	-
Onreëlmatige besteding wat verband hou met die vorige jaar en in die huidige jaar geïdentifiseer is	-	-
Onreëlmatige besteding vir die huidige jaar	-	-
Totaal	0	0

b) Besonderhede van onreëlmatige besteding (wat tans geassesseer, bepaal en ondersoek word)

Beskrywing ¹	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige besteding wat tans geassesseer word	-	-
Onreëlmatige besteding wat tans vasgestel word	-	-
Onreëlmatige besteding wat tans ondersoek word	-	-
Totaal³	0	0

¹ Oordrag na debiteure

² Teken aan bedrae in die jaar waarin dit aangegaan is

³ Groepeer soortgelyke items

c) Besonderhede van onreëlmatige besteding wat gekondoneer is

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige besteding gekondoneer	-	-
Totaal	0	0

d) Besonderhede van onreëlmatige besteding verwyder - (nie gekondoneer nie)

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige besteding NIE gekondoneer en verwyder	-	-
Totaal	0	0

e) Besonderhede van onreëlmatige besteding verhaal

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige besteding verhaal	-	-
Totaal	0	0

f) Besonderhede van onreëlmatige besteding afgeskryf (onverhaalbaar)

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige besteding afgeskryf	-	-
Totaal	0	0

Bykomende openbaarmaking in verband met interinstusionele reëlings

g) Besonderhede van nie-voldoeningsgevalle waar 'n institusie betrokke is in 'n interinstusionele reëling (waar sodanige institusie nie verantwoordelik is vir die nie-voldoening nie)

Beskrywing
Nie van toepassing nie

h) Besonderhede van onreëlmatige besteding waar 'n institusie betrokke is in 'n inter-institusionele reëling (waar sodanige institusie verantwoordelik is vir die nie-voldoening)⁴

Beskrywing	2023/24 ⁵	2022/23
	R'000	R'000
Nie van toepassing nie		
Totaal		

i) Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe gedoen as gevolg van onreëlmatige besteding

Dissiplinêre stappe gedoen
Nie van toepassing nie

4 Verwys na paragrawe 3.12, 3.13 and 3.14 van Bylae A (WOFB-voldoening-en-verslagdoeningsraamwerk) tot Nasionale Instruksie Nr. 4 van 2022/2023

5 Bedrae van onreëlmatige uitgawes wat verband hou met die huidige jaar moet in die finansiële jaarstate geopenbaar word

1.2. Vrugtelose en verkwistende besteding

a) Rekonsiliasie van vrugtelose en verkwistende besteding

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Beginsaldo	-	-
Aanpassing aan beginsaldo	-	-
Beginsaldo soos heraangety	-	-
Plus: Vrugtelose en verkwistende besteding bevestig	-	-
Min: Vrugtelose en verkwistende besteding verhaalbaar	-	-
Min: Vrugtelose en verkwistende besteding nie verhaal en afgeskryf	-	-
Eindsaldo	0	0

Rekonsiliasie-aantekeninge

Beskrywing	2023/24	2022/23 ⁷
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende besteding wat geassesseer is	-	-
Vrugtelose en verkwistende besteding wat na 2022/23 verwys en geïdentifiseer is in 2023/24.	-	-
Vrugtelose en verkwistende besteding vir die huidige jaar	-	-
Totaal	0	0

b) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende besteding (word tans geassesseer, vasgestel en ondersoek)

Beskrywing ⁸	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende besteding wat geassesseer word	-	-
Vrugtelose en verkwistende besteding wat vasgestel word	-	-
Vrugtelose en verkwistende besteding wat ondersoek word	-	-
Totaal⁴	0	0

c) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende besteding wat verhaal is

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende besteding verhaal	-	-
Totaal	0	0

⁶ Oordrag na debiteure

⁷ Teken aan bedrae in die jaar waarin dit aangegaan is

⁸ Groepeer soortgelyke items

d) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende besteding wat nie verhaal is nie en afgeskryf is

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende besteding afgeskryf	-	-
Totaal	0	0

e) Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe gedoen as gevolg van vrugtelose en verkwistende besteding

Dissiplinêre stappe gedoen
Nie van toepassing nie

1.3. Bykomstige openbaarmaking in verband met wesenlike verliese ingevolge die WOFB, artikel 55(2)(b)(i) & (iii)⁹

a) Besonderhede van huidige en vorige jaar se wesenlike verliese as gevolg van misdadige optrede

Wesenlike verliese as gevolg van misdadige optrede	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Diefstal	-	-
Ander wesenlike verliese	-	-
Min: Verhaal	-	-
Min: Nie verhaal en afgeskryf	-	-
Totaal	0	0

b) Besonderhede van ander wesenlike verliese

Aard van ander wesenlike verliese	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
<i>(Groepeer vernaamste kategorieë, maar lys wesenlike items)</i>	-	-
Totaal	0	0

c) Ander wesenlike verliese verhaal

Aard van verliese	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
<i>(Groepeer vernaamste kategorieë, maar lys wesenlike items)</i>	-	-
Totaal	0	0

d) Ander wesenlike verliese wat afgeskryf is

Aard van verliese	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
<i>(Groepeer vernaamste kategorieë, maar lys wesenlike items)</i>	-	-
Totaal	0	0

⁹ Inligting wat verband hou met wesenlike verliese moet ook in die finansiële jaarstate geopenbaar word.

2. LAAT EN/OF NIE-BETALING VAN VERSKAFFERS

Beskrywing	Getal fakture	Gekonsolideerde waarde
		R'000
Getal fakture ontvang	284	2 689
Fakture betaal binne 30 dae of ooreengekome tydperk	284	2 689
Fakture betaal na 30 dae of ooreengekome tydperk	NVT	-
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (onbetaald en nie in dispuut nie)	NVT	-
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (onbetaald en in dispuut)	NVT	-

3. VOORSIENINGSKETTINGBESTUUR

3.1. Verkryging volgens ander metodes

Projekbeskrywing	Naam van verskaffer	Tipes verkryging deur ander metodes	Kontrak nommer	Waarde van kontrak R'000
Lisensiehernuwing van die Caseware-sagteware	Adapt IT*	Beperkte Bod	POA43221	R 28
Totaal				R 28

* Die verskaffer is die enigste verskaffer van die Caseware-sagteware wat gebruik word vir die samestelling van die finansiële jaarstate.

3.2. Kontrakwysigings en -uitbreidings

Projekbeskrywing	Naam van verskaffer	Tipe van kontrak-modifikasie (Uitbreiding of wysiging)	Kontraknommer	Oorspronklike kontrakwaarde R'000	Waarde van voige kontrak-uitbreiding/s of wysiging/s (indien van toepassing) R'000	Waarde van huidige kontrak-uitbreiding of wysiging R'000
Sekuriteitsdienste BD	Princeton SS	Uitbreiding	1. POA42837	R17	R5	R44
Sekuriteitsdienste GD	Princeton SS	Uitbreiding	2. POA42838	R17	R5	R43
Sekuriteitsdienste MBCC	Princeton SS	Uitbreiding	3. POA42841	R17	R5	R35
Sekuriteitsdienste MBOS	Princeton SS	Uitbreiding	4. POA42840	R17	R5	R35
Sekuriteitsdienste OJ	Princeton SS	Uitbreiding	5. POA42839	R17	R5	R35
Totaal						

Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Verslag oor die finansiële state

1. Ek het die finansiële state hersien van die Wes-Kaapse Kultuurkomitee wat op bladsy 47 tot 69 uiteengesit is, wat bestaan uit die staat van finansiële posisie soos teen 31 Maart 2023, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge in netto bates, die kontantvloeietaat en die staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae vir die boekjaar, sowel as die notas by die finansiële state, insluitend 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide.

Gevolgtrekking

2. Gegrond op my hersiening, het niks onder my aandag gekom wat my laat glo dat die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, nie die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Kultuurkomitee soos teen 31 Maart 2023 billik aanbied nie, asook sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar dan geëindig in ooreenstemming met die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyke (AERP) en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB).

Verantwoordelikhede van die rekenpligtige gesag vir die finansiële state

3. Die rekenpligtige gesag is, in ooreenstemming met die AERP en die WOFB, verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state en vir sodanige interne beheer wat deur die rekenpligtige gesag as noodsaaklik bepaal is om die voorbereiding van finansiële state moontlik te maak wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.
4. In die voorbereiding van die finansiële state is die rekenpligtige gesag verantwoordelik daarvoor om die entiteit se vermoë te assesser om as 'n lopende saak voort te bestaan; om, waar van toepassing, kwessies wat verband hou met die lopende saak te openbaar; en die lopende saak-grondslag van rekeningkunde te gebruik, tensy die toepaslike regeringstruktuur aandui dat die entiteit gelikwideer gaan word of bedrywighede gaan staak, of geen realistiese alternatiewe hiervoor het nie.

Verantwoordelikhede van die ouditeur-generaal vir die oudit van die finansiële state

5. My verantwoordelikheid is om 'n gevolgtrekking oor die gepaardgaande finansiële state te maak. Ek het my hersiening gedoen ingevolge die Internasionale Standaard oor Hersieningsvergaderings (ISHV) 2400 (Hersien), Opdragte om historiese finansiële state te hersien. Die standaard vereis van my om 'n gevolgtrekking te maak oor of enigiets onder my aandag gekom het wat my sal oortuig dat die finansiële state, as 'n geheel, nie in alle wesenlike opsigte in ooreenstemming met die toepaslike verslagdoeningsraamwerk voorberei is nie. Hierdie standaard vereis ook van my om aan toepaslike etiese vereistes te voldoen.
6. 'n Hersiening van finansiële state in ooreenstemming met ISHV 2400 (Hersien) is 'n beperkte sekerheidsvergadering. Ek word vereis om prosedures uit te voer wat hoofsaaklik bestaan uit gepaste navrae gerig aan bestuur en ander binne die entiteit wat geouditeer word, asook die toepassing van ontledingsprosedures en die evaluering van bewyse wat bekom is.
7. Die prosedures wat in 'n hersieningsvergadering uitgevoer word, is wesenlik minder as dié in 'n oudit wat in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer word. Gevolglik spreek ek nie 'n ouditopinie oor hierdie finansiële state nie.

Verslag oor die jaarlikse prestasieverlag

8. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit, Wet 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers wat in die jaarlikse prestasieverlag aangebied is, se bruikbaarheid en betroubaarheid oudit en oor verslag doen. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die jaarlikse prestasieverlag.
9. Ek het die volgende wesenlike prestasie-aanwysers gekies wat verband hou met die Program: Wes-Kaapse Kultuurkomitee wat in die jaarlikse prestasieverlag vir die jaar geëindig 31 Maart 2024 aangebied is. Ek het daardie aanwysers gekies wat die entiteit se prestasie op sy primêre mandaatfunksies meet en wat van beduidende nasionale, gemeenskaps- en openbare belang is.
 - Aantal geregistreerde kultuurrade wat deur oordragbetalings ondersteun is
 - Aantal fasiliteite opgeknop of in stand gehou om geskiktheid en veiligheid vir gebruikers te verseker
 - Aantal gebruikers wat die kultuurfasiliteite gebruik
10. Ek het die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers geëvalueer teen die kriteria wat vir die prestasiebestuurs- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is, soos in die algemene kennisgewing gedefinieer. Wanneer 'n jaarlikse prestasieverlag voorberei word deur van dié kriteria gebruik te maak, verskaf dit bruikbare en betroubare inligting en insae vir gebruikers oor die entiteit se beplanning en lewering van sy mandaat en doelwitte.
11. Ek het prosedures uitgevoer om te toets of:
 - Die aanwysers wat vir beplanning en verslagdoening oor prestasie gebruik word, direk gekoppel kan word aan die entiteit se mandaat en die haal van sy beplande doelwitte.
 - Die aanwysers goed omskryf en verifieerbaar is om te verseker dat hulle maklik verstaan en konsekwent toegepas kan word, en dat ek die metodes en prosesse kan bevestig wat vir die meting van prestasie gebruik word.
 - Die teikens wat direk aan die haal van die aanwysers gekoppel is en spesifiek, tydsgebonde en meetbaar is om te verseker dit is maklik is om te verstaan wat teen wanneer gelewer moet word, die vereiste vlak van prestasie asook hoe prestasie geëvalueer sal word.
 - Die aanwysers en teikens waaroor daar in die jaarlikse prestasieverlag verslag gedoen word, dieselfde is as waartoe daar in die goedgekeurde aanvanklike of hersiene beplanningsdokumente ingestem is.
 - Die gerapporteerde prestasie-inligting in die jaarlikse prestasieverlag op die voorgeskrewe manier aangebied word.
 - Daar genoegsame ondersteunende bewyse vir die gerapporteerde prestasies is, asook vir die redes wat vir die oor- of onderprestasie op teikens verskaf is.
12. Ek het die prosedures alleenlik vir die doel van verslagdoening oor wesenlike bevindings uitgevoer
13. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers geïdentifiseer nie.

Verslag oor voldoening aan wetgewing

14. In ooreenstemming met die WOO en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek oudit en verslag doen oor voldoening ingevolge toepaslike wetgewing wat verband hou met finansiële kwessies, finansiële bestuur en ander verwante kwessies. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die entiteit se voldoening aan wetgewing
15. Ek het prosedures uitgevoer om voldoeningaangekose vereistes insleutel-wetgewing te toets, in ooreenstemming met die OGSA se bevindingsafpraak-metodologie. Hierdie afspraak is nie 'n sekerheidsafpraak nie. Gevolglik spreek ek nie 'n sekerheidsopinie of gevolgtrekking uit nie.

VERSLAG VAN DIE EKSTERNE OUDITEUR

16. Deur middel van 'n gevestigde OGSA-proses het ek vereistes in sleutel-wetgewing vir voldoeningstoetsing gekies wat toepaslik is op die finansiële en prestasiebestuur van die entiteit en duidelik is om bestendige meting en evaluering toe te laat, terwyl dit ook voldoende gedetailleerd en maklik beskikbaar is om op 'n verstaanbare wyse oor verslag te doen. Die gekose wetgewende vereistes is in die bylae tot hierdie ouditeursverslag ingesluit.
17. Ek het nie enige wesenlike nie-voldoening met die gekose wetgewende vereistes geïdentifiseer nie.

Tekortkominge in interne beheer

18. Ek beskou interne beheer as toepaslik op my vergadering oor die finansiële state, die jaarlikse prestasieverslag en voldoening aan toepaslike wetgewing; my doelwit was egter nie om enige vorm van sekerheid daarvoor uit te spreek nie.
19. Ek het nie enige beduidende tekortkominge in interne beheer geïdentifiseer nie.

Professionele etiek en gehaltebeheer

20. Ek staan onafhanklik van die Wes-Kaapse Kultuurkomitee in ooreenstemming met die Internasionale Raad vir Etiese Standaarde vir Professionele Rekenmeesters se Internasionale etiese kode vir professionele rekenmeesters (insluitende Internasionale Onafhanklikheidsstandaarde) (IESBA-kodes), asook ander etiese verpligtinge wat toepaslik op my audit in Suid-Afrika is. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede nagekom ingevolge hierdie vereistes en die IESBA-kode.
21. In ooreenstemming met die Internasionale Standaard oor Gehaltebestuur 1, handhaaf die OGSA 'n omvattende stelsel van gehaltebestuur wat gedokumenteerde beleid en prosedures oor voldoening aan etiese vereistes en professionele standaarde insluit.

Kaapstad
31 Julie 2024

VERSLAG VAN DIE EKSTERNE OUDITEUR

Bylae tot die ouditeur se verslag

Voldoening aan wetgewing – geselekteerde wetgewende vereistes

Die geselekteerde wetgewende vereistes is as volg:

Wetgewing	Artikels of regulasies
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB)	Artikel 51(1)(a)(iv); 51(1)(b)(i); 51(1)(b)(ii); 51(1)(e)(iii) Artikel 53(4) Artikel 55(1)(a); 55(1)(b); 55(1)(c)(i) Artikel 56(1); 56(2) Artikel 57(b)
Tesourieregulasies, 2005	Regulasie 8.2.1; 8.2.2 Regulasie 16A 3.2; 16A 3.2(a) Regulasie 16A 6.1; 16A6.2(a) & (b); 16A 6.3(a); 16A 6.3(b); 16A 6.3(c); 16A 6.3(e); 16A 6.4; 16A 6.5; 16A 6.6; 16A 8.3; 16A 8.4; 16A9.1(b)(ii); 16A 9.1(d); 16A 9.1(e); 16A9.1(f); 16A 9.2(a)(ii) Regulasie 30.1.1; 30.1.3(a); 30.1.3(b); 30.1.3(d); 30.2.1 Regulasie 31.1.2(c); Regulasie 33.1.1; 33.1.3
Staatsdiensregulasie	Staatsdiensregulasie 18; 18 (1) en (2)
Wet op die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf, Wet 38 van 2000	Artikel 18(1)
Regulasie van die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf, 2004	Regulasie 17; 25(7A)
Tweede wysiging van Nasionale Tesourie-instruksie nr. 5 van 202/21	Paragraaf 1
Erratum Nasionale Tesourie-instruksie nr. 5 van 202/21	Paragraaf 2
Nasionale Tesourie-instruksie nr. 5 van 2020/21	Paragraaf 4.8; 4.9; 5.3
Nasionale Tesourie-instruksie nr. 1 van 2021/22	Paragraaf 4.1
Nasionale Tesourie VKB-instruksienota 3 van 2021/22	Paragraaf 4.3; 4.4; 4.4 (a); 4.4(c); 4.4(d)
Nasionale Tesourie VKB-instruksienota 11 van 2020/21	Paragraaf 3.1 Paragraaf 3.4(b) Paragraaf 3.9
Nasionale Tesourie VKB-instruksienota 2 van 2021/22	Paragraaf 3.2.1; 3.2.4(a) Paragraaf 3.3.1
Praktyknota nr. 11 van 2008/9	Paragraaf 2.1; 3.1(b)
Praktyknota nr. 5 van 2009/10	Paragraaf 3.3
Praktyknota nr. 7 van 2009/10	Paragraaf 4.1.2
Wet op die Voorkeurverkrygingsbeleidsraamwerk, Wet 5 van 2000	Artikel 1 Artikel 2.1(a); 2.1(f)
Voorkeurverkrygingsregulasie, 2017	Paragraaf 4.1; 4.2 Paragraaf 5.1; 5.3; 5.6; 5.7 Paragraaf 6.1; 6.2; 6.3; 6.5; 6.6; 6.8 Paragraaf 7.1; 7.2; 7.3; 7.5; 7.6; 7.8 Paragraaf 8.2; 8.5 Paragraaf 9.1; Paragraaf 10.1; 10.2 Paragraaf 11.1; 11.2
Voorkeurverkrygingsregulasie 2022	Paragraaf 4.1; 4.2; 4.3; 4.4 Paragraaf 5.1; 5.2; 5.3; 5.4
Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, Wet 12 van 2004	Artikel 34(1)

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

Syfers in Rand duisend	Aan- tekeninge	2024	2023
Bates			
Lopende Bates			
Kontant en kontantekwivalente	3	5 880	4 915
Debiteure van ruiltransaksies	4	137	139
Debiteure van nie-ruiltransaksies	5	1 542	60
		<u>7 559</u>	<u>5 114</u>
Totale Bates		<u>7 559</u>	<u>5 114</u>
Laste			
Lopende Laste			
Inkomste van ruiltransaksies	6	1 773	1 695
		<u>1 773</u>	<u>1 695</u>
Netto Bates		<u>5 786</u>	<u>3 419</u>
Opgehoopte oorskot		5 786	3 419
Totale Netto Bates		<u>5 786</u>	<u>3 419</u>

STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE

Syfers in Rand duisend	Aan- tekeninge	2024	2023
Inkomste			
Inkomste van ruiltransaksies			
Gelde van fasiliteite	7	2 842	2,117
Rente inkomste	8	439	241
Ander inkomste van ruiltransaksies	9	135	152
Totale inkomste van ruiltransaksies		3 416	2 510
Inkomste van nie-ruiltransaksies			
Oordraginkomste			
Ander inkomste van nie-ruiltransaksies	10	5 926	5 946
Oordragte en subsidies ontvang	11	2 155	627
Totale inkomste van nie-ruiltransaksies		8 081	6 573
Totale inkomste		11 497	9 083
Besteding			
Ouditgelde	13	(66)	(57)
Algemene uitgawes	14	(2 785)	(2 268)
Ledegelde	15	(54)	(61)
Oordragte en subsidies betaal	16	(299)	(210)
Dienste in natura	17	(5 926)	(5 946)
Totale besteding		(9 130)	(8 542)
Oorskot vir die jaar		2 367	541

STAAT VAN VERANDERINGE IN NETTO BATES

Syfers in Rand duisend	Opgelope oorskot	Totale netto bates
Saldo soos vroeër vermeld	2 818	2 818
Voorafgaande jaaraanpassings: verwys na aantekening 21	60	60
Saldo op 1 April, 2022 soos herbeskryf*	2 878	2 878
Veranderinge in netto bates		
Oorskot vir die jaar	541	541
Totale veranderinge	<u>541</u>	<u>541</u>
Saldo op 1 April 2023	3 419	3 419
Veranderinge in netto bates		
Oorskot vir die jaar	2 367	2 367
Saldo op 1 Maart, 2024	<u>5 786</u>	<u>5 786</u>

KONTANTVLOEISTAAT

Syfers in Rand duisend	Aan- tekeninge	2024	2023
Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite			
Ontvangste			
Kontantontvangste		3 944	3 341
Rente-inkomste		437	239
		<u>4 381</u>	<u>3 580</u>
Betalings			
Kontant betaal		(3 416)	(2 623)
Netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite	18	<u>965</u>	<u>957</u>
Netto styging in kontant en kontantekwivalente			
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		4 915	3 958
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	3	<u>5 880</u>	<u>4 915</u>

VERGELYKENDE STAAT VAN BEGROTING EN WERKLIKE BEDRAE

Begroting op kontantbasis

	Goed- gekeurde begroting	Aan- suiwerings	Finale begroting	Werklike bedrae op vergelykbare basis	Verskil tussen begroting en werklike bedrae	Ver- wysing
Syfers in Rand duisend						
Staat van Finansiële Prestasie						
Inkomste						
Ander inkomste						
Verkope van goedere en dienste uitgesonderd kapitaalbates	1 799	600	2 399	2 977	578	24.1
Inkomste van entiteit uitgesonderd verkope	295	-	295	437	142	24.2
Oordragte ontvang (Departementele oordrag)	655	-	655	655	-	
Totale inkomste	2 749	600	3 349	4 069	720	
Uitgawes						
Current payments						
Goedere en dienste	(2 389)	(600)	(2 989)	(2 827)	162	24.3
Oordragte en subsidies	(360)	-	(360)	(299)	61	24.4
Totale uitgawes	(2 749)	(600)	(3 349)	(3 126)	223	
Oorskot	-	-	-	943	943	
Werklike bedrag op vergelykende basis soos voorgelê in die Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae	-	-	-	943	943	
Rekonsiliasie						
Basisverskil						
Inkomste van entiteit uitgesonderd verkope				2		
Oordragte ontvang				1 500		
Ander inkomste (Dienste in natura)				5 926		
Goedere en dienste				(78)		
Goedere en dienste (Dienste in natura)				(5 926)		
Tydsverskil				-		
Entiteitsverskil				-		
Werklike bedrag in die Staat van Finansiële Prestasie				2 367		

REKENINGKUNDIGE BELEID

Syfers in Rand duisend	Aan- tekening	2024	2023
------------------------	------------------	------	------

1. Aanbieding van Finansiële Jaarstate

Die finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met die doeltreffende Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyke (AERP), uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Standaard ooreenkomstig artikel 91(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Hierdie finansiële jaarstate is voorberei op 'n aanwasgrondslag van rekeningkunde en is in ooreenstemming met die historiese kostekonvensie as die grondslag van meting, tensy anders vermeld. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Alle bedrae is afgerond tot die naaste duisend.

'n Opsomming van die vernaamste rekeningkundige beleid, wat konsekwent toegepas is in die voorbereiding van die finansiële jaarstate, word vervolgens aangedui.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk. Die Beleid oor Eiendom, Aanleg en Toerusting, Finansiële Instrumente en Dienste in natura is egter hersien om te verseker dat dit van toepassing is op die Entiteit.

1.2 Aannee van lopende onderneming

Hierdie finansiële jaarstate is voorberei met die verwagting dat die entiteit sal voortgaan om as 'n lopende saak vir ten minste die volgende 12 maande bedryf te word.

1.3 Wesenlikheid

Wesenlike of foutiewe verklarings van items is weselik indien hulle, individueel of gesamentlik, die besluitneming of assessering van gebruikers gemaak op die grondslag van daardie finansiële jaarstate kan beïnvloed. Wesenlikheid hang af van die aard en omvang van die weglating of foutiewe verklaring beoordeel in die omringende omstandighede. Die aard en omvang van 'n inligtingsitem, of 'n kombinasie van beide, kan die deurslaggewende faktor wees.

Die beoordeling daarvan of 'n weglating of foutiewe verklaring gebruikers se besluite kan beïnvloed, en dus as weselik geag moet word, vereis oorweging van die eienskappe van daardie gebruikers. Die Raamwerk vir die Voorbereiding en Aanbieding van Finansiële Jaarstate bepaal dat gebruikers geag word om oor redelike kennis te beskik van die regering en sy aktiwiteite, asook van rekeningkunde, en oor 'n gewilligheid beskik om die inligting te bestudeer met redelike nougesetheid.

Die assessering neem derhalwe in ag hoe gebruikers met sodanige eienskappe redelik verwag kan word om beïnvloed te word by die neem en beoordeling van besluite.

1.4 Belangrike uitsprake en bronne van skattingsonserheid

Die entiteit maak beramings en aannames aangaande die toekoms. Die gevolglike rekeningkundige beramings sal, per definisie, selde ooreenstem met die werklike resultate. Beramings en uitsprake word deurlopend geëvalueer en gebaseer op historiese ervaring en ander faktore, en sluit in verwagtings van toekomstige gebeurtenisse wat redelik geag word onder die omstandighede. Die beramings en aannames wat 'n beduidende risiko inhou om 'n weselike aanpassing te veroorsaak aan die drabedrae van bates en laste binne die volgende boekjaar word hieronder bespreek.

Debiteure

Die entiteit assesser sy debiteure vir waardedaling aan die einde van elke verslagperiode. Wanneer daar bepaal moet word of 'n waardedalingsverlies in oorskot of tekort aangeteken moet word, besluit die entiteit of daar waarneembare data bestaan wat 'n meetbare afname in die geraamde toekomstige kontantvloei van 'n finansiële bate aandui.

1.4 Belangrike uitsprake en bronne van skattingsonsekerheid (vervolg)

Die waardedaling vir debiteure word bereken op 'n portefeuljebasis, gebaseer op historiese verliesverhoudings en aangepas vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers teenwoordig op die verslagdatum wat met wanbetalings op die portefeulje korreleer. Hierdie jaarlikse verliesverhoudings word toegepas op leningsbalanse in die portefeulje en afgeskaal tot die beraamde verliesverskyningsperiode.

Vergunning vir waardedaling

'n Beraming vir die waardedaling van debiteure word gemaak wanneer die invordering van die volle bedrag nie meer waarskynlik is nie. Die voorsiening vir die waardedalingskuld sal bereken word op handelsdebiteure. Die totale voorsiening vir waardedaling van die entiteitsal bereken word per individuele skuldenaar of ten minste per risikokategorie.

1.5 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare niebedryfsbates (infrastrukturbates ingesluit) wat gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere en dienste, aan ander te verhuur, of vir administratiewe doeleindes, en dit word verwag dat dit vir meer as een verslagperiode gebruik sal word.

Die koste van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word erken as 'n bate as:

- Dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal geassosieer met die item na die entiteit toe sal vloei en
- Die koste of billike waarde van die item betroubaar gemeet kan word.

Om doeltreffende batebestuur te verseker, word bates wat gedurende die boekjaar aangekoop is geskenk aan die Departement van Kultuursake en Sport (DKES). Om die uitwerking van die skenking te verreken, word die bates by jaareinde ontteken teen drawaarde soos op 31 Maart jaarliks.

1.6 Finansiële instrumente

Die finansiële instrumente van die entiteit word gekategoriseer óf as finansiële bates óf as laste.

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat aanleiding gee tot 'n finansiële bate van een entiteit en 'n finansiële las of 'n residuele belang van 'n ander entiteit.

